
# 139 God is my lied, sy almag ken geen perke




Dit is sy woord wat in sy skeppingswerke
tot lewe wek die swakke en die sterke.
Hy ken hul almal, klein en groot.

Rondom my heen beskik Hy rus en vrede,
omring my met sy goedertierenhede,
Hy is my God, net Hy alleen!

Ek sing u lof uit dank vir u genade,
daar U my altyd weglei uit die kwade
en my wil ophef uit die stof.

Niks is van my, dis alles u genade;
ek sien u goedheid oral, troue Vader,
u lof sal op my lippe bly.

U vaderhand gee rus in stille nagte;
verkwik vir ons die gees en liggaamskragte
en seën vrug van boord en land.

Waar God gebied, mag ons geen onheil vrees nie,
want niemand kan soos Hy 'n redder wees nie,
aan Hom my lof, aan Hom my lied.

Christiaan Fürchtegott Gellert (1715-69) C.P.E. Bach (1714-88)